# Die ontwikkelingsproses van teologiese opleiding in die Apostoliese Geloofsending

*Andries Putter*
*George Lotter*
Vakgroep: Praktiese Teologie, Noordwes-Universiteit,
Potchefstroomkampus, Potchefstroom, Suid-Afrika

*Abstract*

**In the wake of the Apostolic Faith Mission (hereafter referred to as the AFM) centenary in 2008, all the role-players need to reflect once more on the long, painstaking and exhausting process that shaped theological training within the AFM. The history of theological training in the AFM can be divided into five periods. The first period discussed here, was that preceding the existence of Bible schools (1908–1923); the second was the early Bible school period (1924–1949); the third the Bible school period (1950–1969), and the fourth that of the theological college (1970–1995). From 1996 to 2008 the National Leadership Forum of the AFM made several attempts to unite the different theological colleges, but to no avail. It will be interesting to see whether the colleges will indeed be united, or whether theological training within the AFM is to continue on its uncertain and trying path.**

## Inleiding

Die moeisame, komplekse ontwikkelingsproses wat teologiese opleiding binne die Apostoliese Geloofsending (AGS) deurloop het, plaas die kerk se pastore in ’n moeilike situasie. Pastore wys daarop dat (Maré 2005:433; Putter 2006:102)

- die teologiese opleiding by die verskillende kolleges en seminariums nie voldoende voorbereiding vir die bediening bied nie
- die opleiding nie prakties genoeg is nie
- daar nie met die werklikheid van die postmoderne wêreld tred gehou word nie
- dosente teologiese studente as pastore moet oplei, nie as teoloë nie

In hierdie artikel word die kerk se teologiese opleiding sedert sy ontstaansjare asook die wyse waarop dit tans funksioneer onder die loep geneem. Deur ’n ondersoek van hierdie belangrike saak sal daar gepoog word om meer insig in die ontwikkelingsproses wat teologiese opleiding binne die AGS beleef het, te verskaf. ’n Historiese oorsig van teologiese opleiding in die AGS kan op beknopte wyse in vyf tydperke verdeel word:

- die tydperk voor die bestaan van Bybelskole: 1908–1923
- die vroeë Bybelskooltydperk: 1929–1949
- die Bybelskooltydperk: 1950–1969
- die tydperk van die Teologiese Kollege: 1970–1995
- die tydperk van verenigingspogings: 1996 tot hede

## 'n Historiese oorsig van teologiese opleiding: vyf tydperke

### *Die tydperk voor die bestaan van Bybelskole: 1908–1923*

Dié tydperk staan as die voor-Bybelskool-tydperk bekend, omdat daar geen Bybelskool binne AGS-kerkverband bestaan het nie (Burger & Nel 2008:384). Alhoewel die behoefte aan ’n Bybelskool beklemtoon is, het dit nie gematerialiseer nie (NBUR 1920:456;1923:645). Hierdie tydperk is onder andere deur vier tendense gekenmerk:

- Beperkte opleidingsmateriaal

In dié tydperk het teologiese opleiding vir voornemende voltydse werkers geskied langs die weg van prediking en lering in die plaaslike gemeentes asook by die jaarlikse Werkersraadkonferensies, en deur middel van artikels in die amptelike kerkblad *The Comforter/Die Trooster* (NBUR 1909:21; Burger 1987:196). Onderwerpe soos die gee van tiendes, die doop van kinders, en die toelating van vroue as predikers is bespreek (NBUR 1917:105; Erasmus 1996:10). Bybelopleiding is glad nie bespreek of selfs vermeld nie (Burger & Nel 2008:385). Die noodsaaklikheid van die opleiding van sendelinge is wel bespreek, maar nie die teologiese opleiding van werkers nie. J.G. Lake en P.L. le Roux het ŉ prominente rol in die samestelling van lesings met die oog op teologiese opleiding gespeel (Jooste 1991:25; Erasmus 1996:3).

- Geen onderskeid tussen pastor en gewone lidmate nie

Daar is geen onderskeid tussen voltydse, betaalde werkers (pastore) en gewone, deeltydse werkers (lidmate) gemaak nie (Burger & Nel 2008:384). Daar is van alle mense wat tot bekering gekom het verwag om getuies te wees, en ouderlinge, diakens en sendelinge het die toerusting behartig, terwyl niemand "pastoor" genoem is nie. Alle gelowiges het as "broer" of "suster" bekend gestaan. Om tot die bediening toegelaat te word, moes kandidate "geroepe" en "gesalf" wees en aansoek doen om tot die bediening toe te tree. ŉ Persoon se bediening in die AGS is bevestig deur die uitreiking van ŉ sertifikaat deur die Uitvoerende Raad (NBUR 1909:24; Van der Spuy 1985:105).

- Voorkeur aan opleiding in Bybelkennis eerder as teologiese opleiding

Alhoewel die behoefte aan ŉ Bybelskool beklemtoon is, het dit nie gematerialiseer nie (NBUR 1920:456; 1923:645). Die noodsaaklikheid van Bybelopleiding is wel uitgewys, maar met dien verstande dat dit Bybelkennis moes wees (volgens die AGS se destydse standpunt) en nie soseer teologiese opleiding soos in ander kerke nie (Erasmus 1996:13; Burger & Nel 2008:386). Dit is as belangrik beskou om God se genesing en wonderwerke te besef en om die doping van die Heilige Gees by wyse van spreking in ander tale te ervaar; die algemene houding was een van teenkanting teen teologiese opleiding (Van der Spuy 1985:107).

- Weinig belangstelling in akademiese opleiding

In die ontstaansjare van die AGS het J.G. Lake se betrokkenheid by teologiese opleiding behels dat hy slegs as prediker opgetree en vir siekes gebid het (Burger 1987:167; Erasmus 1996:11). P.L. le Roux se belangrikste bydrae tot teologiese opleiding in dié tydperk was sy onderrig by konferensies en die artikels wat hy geskryf het vir *The Comforter/Die Trooster*, waarvan hy tot 1932 redakteur was (Jooste 1991:25). Volgens Eybers, König & Stoop (1978:174) het "Pinkstermense in die ontstaansjare van die AGS nooit veel belangstelling in die akademies-teologiese besinning getoon nie". Die beskouing dat AGS-pastore akademies opgelei moet word en as pastoor aangespreek moet word, het eers na bykans vyf dekades in die AGS ontwikkel (NBUR 1957:4919; Burger 1987:306).

*Die vroeë Bybelskooltydperk: 1929-1949*

Gedurende dié tydperk is die term "Bybelskool" verkies, sodat 'n onderskeid tussen die AGS se Bybelskool en die teologiese kolleges van die Afrikaanse tradisionele susterskerke gemaak kon word (Erasmus 1996:14). Hierdie tydperk word gekenmerk deur drie tendense:

- Die negatiewe invloed van rasse-vooroordeel in die AGS

As gevolg van die opkoms van Afrikaner-nasionalisme het rasse-vooroordeel in die AGS gegroei (Burger & Nel 2008:386). Slegs blankes is toegelaat om belangrike posisies in sendingorganisasies te beklee. Swart leiers se deelname, wat bloot advies oor aangeleenthede rakende swartmense behels het, is aan die diskresie van die blankes oorgelaat (NSK 1935:114).[1] Hierdie rasse-vooroordeel was heel waarskynlik die rede waarom die Patmos Bybelskool, waar swart werkers vir die bediening in die AGS

[1] Omdat daar in die loop van ons land se geskiedenis verskillende terme met verwysing na die verskillende kultuurgroepe gebruik is, word die terme "swart", "kleurling", "Indiër", "wit" of "blank" sonder aanhalingstekens hier gebruik om verwarring te voorkom.

toegerus is, moes sluit (Burton 1934:95; NSK 1935:113). Gedurende die tydperk 1929–1949 was Bybelskoolbywoning nie verpligtend nie (NBUR 1926:941; Burger & Nel 2008:387).

- Onmin oor die kwessie van ŉ Bybelskool

Gedurende die tydperk 1924–1949 was daar meningsverskille oor of ŉ Bybelskool regtig nodig was. Die argument daarteen was dat die "Heilige Gees ons moet lei en dat ons nie gelei moet word deur ŉ aangeleerde bediening nie" (NBWR 1936:1726; Burger & Nel 2008:388). Weens die meningsverskille het die Werkerskonferensie besluit dat die tyd nie reg was om ŉ Bybelskool te begin nie, hoewel voltydse werkers gevra is om jong werkers onder hulle sorg te neem en hulle vir die werk van die Here op te lei (NBWR 1936:1730). By die Werkerskonferensie van 1939 het dit aan die lig gekom dat die nood aan opgeleide werkers in die sending elke jaar toeneem. Die Uitvoerende Raad is gevra om die stigting van ŉ Bybelopleidingsentrum by die AGS se hoofkantoor vir sowel blanke as swart werkers ernstig te oorweeg (NBWR 1939:2104).

- Gebrekkige strukture en kommunikasiestelsels

Gedurende die tydperk 1924–1849 het die AGS se Bybelskool, waarvan past. C. Bennett die prinsipaal was, nie eens ŉ naam gehad nie. Past. Bennett het die sillabus self opgestel en vir goedkeuring aan die Uitvoerende Raad voorgelê (NBUR 1940:2221). Min is bekend oor wat die inhoud van die kurrikulum was. Dit is slegs bekend dat teoretiese opleiding een jaar geduur het, en gevolg is deur praktiese opleiding van twee jaar (NBUR 1944:2623). Volgens die prinsipaal se verslae, wat jaarliks by die Werkersraad ingedien is, was daar slegs studente wat die eenjarige teoretiese kursus voltooi het. Mettertyd is die reëls weens die kwynende studentetal aangepas. Die Bybelskool is oopgestel vir alle goedgekeurde studente (slegs mans) wat bereid was om te betaal, maar dan sonder die verwagting om ŉ voltydse werker te word (NBUR 1946:2897; NBUR 1947:2927). Ten spyte van die toegewings het die studentetal klein gebly; die skool kon nie lewensvatbaar bly nie en het aan die einde van 1947 gesluit.

*Die AGS-Bybelskooltydperk: 1950−1969*

In die tydperk 1950–1969 het dr. F.P. Möller (1922-2002), president van die AGS se (blanke) enkelafdeling van 1966 tot 1988, en past. G.R. Wessels hul eie korrespondensiekursus geskryf, wat hulle in *Die Trooster* (1946:24) geadverteer het met Homiletiek (Preekkunde) as eerste vak. In 1949 is dr. Möller en past. Wessels se amptelike korrespondensiekursus deur die Blanke Uitvoerende Raad van die AGS goedgekeur (NBUR 1949:3283). Bybelskoolopleiding was in dié stadium nie vir die AGS se heeltydse werkers verpligtend nie. Slegs persone wat die behoefte aan teologiese opleiding ervaar het, het dit bygewoon. Die tydperk 1950–1969 word gekenmerk deur ses tendense:

- ŉ Opknappingskursus vir pastore

Teologiese opleiding in die AGS is uitgebrei met die bekendstelling van ŉ opknappingskursus vir pastore in 1952 (NBUR 1952:3773). Die doel van die kursus was om die pastore se kennis te verryk, om hulle geestelik te verdiep, en om verdere denke en voortgesette ontwikkeling te bevorder (NBUR 1954:4272). Hierdie kursus was een van die aktiwiteite van die AGS se Bybelkollege onder die leierskap van dr. F.P. Möller. Die kursus is aangebied aan pastore wat reeds in die bediening was. Dit is gesien as ŉ soort indiensopleiding wat sou dien as motivering tot teologiese opleiding (Erasmus 1996:32).

- Die langsame ontwikkeling van 'n binnemuurse afdeling

ŉ Voorstel deur past. G.R. Wessels het daartoe gelei dat die AGS se Teologiese Bybelkollege ook ŉ binnemuurse afdeling geopen het (NBUR 1953:4029). Vanaf 1954 het die korrespondensie- en binnemuurse departement die twee bene van die kollege gevorm (Erasmus 1996:32). Uit 'n verslag van die Apostoliese Bybelkollege aan die Blanke Werkersraad blyk dit duidelik dat die Bybelkollege volgens ŉ bepaalde studieprogram gewerk het (NBUR 1954:4172). Die getal korrespondensiestudente (presiese getal onbekend) het toegeneem, terwyl die getal studente wat diplomas ontvang het, verminder het. Hoewel die korrespondensiekursus op werkers in die bediening gemik was, was daar nie baie motivering vir hulle om hulle vir die kursus in te skryf en die eksamen af te lê nie, omdat hulle

reeds geordende werkers in voltydse bediening was. Vir voornemende pastore egter was die motivering om hulle vir die kursus in te skryf en die eksamen af te lê, juis dat dit hulle kans om tot die voltydse bediening toegelaat te word, sou verbeter (Erasmus 1996:33).

- Die verhoging van die vereistes van toelating tot die bediening

Gedurende die tydperk 1950–1969 is die naam van die leier van die gemeente verander van "broer" na "pastoor" (Burger 1987:306), en was daar aanduidings dat die Uitvoerende Raad hoër kwalifikasies van pastore sou verwag (Erasmus 1996:34; Burger & Nel 2008:391). In Januarie 1954 is daar besluit dat alle kandidate wat van voorneme was om tot die voltydse bediening toe te tree, voortaan aan die Bybelkollege moes studeer, waar slegs die Uitvoerende Raad uitsonderings kon maak (NBUR 1954:4173). Matriek was steeds nie 'n vereiste vir toelating tot die AGS se Bybelkollege nie, maar na die voltooiing van hul kollegestudie moes kandidate eers matrikuleer voordat hulle georden kon word (NBUR 1958:4995).

- Die ontwikkeling van die beleid en beheer van die Bybelkollege

Die Bybelkollege is beheer deur 'n komitee wat deur die Uitvoerende Raad aangestel is. Hulle was ook verantwoordelik vir die keuring van moontlike kandidate vir toelating tot die voltydse bediening. Die Bybelkollege se komitee is mettertyd vervang deur die Geestelike Komitee (NBUR 1958:5137; 1971:1), waarvan die naam in 1971 verander is na die Komitee vir Leerstelling, Etiek en Liturgie. Hierdie komitee het later die kuratorium van die Kollege geword (NBUR 1971:38), in wie se hande die beheer oor en plasing van kandidate in die voltydse bediening was. Die Bybelkollege het sodoende die instituut geword wat toelating tot die voltydse bediening beheer het. Studente is nie outomaties na die voltooiing van hul studie toegelaat om pastore te word nie, maar is begelei om óf voltydse werkers óf deeltydse werkers te word. Studente moes twee jaar teologiese opleiding aan die Bybelkollege voltooi en daarna een jaar praktiese ondervinding opdoen. Tydens die twee jaar teologiese opleiding was studente verplig om onder die toesig van 'n pastoor in 'n plaaslike AGS-gemeente te werk. Die samewerking tussen die plaaslike gemeente en die Bybelkollege wat die morele, geestelike en akademiese ontwikkeling van die studente betref, het die Kerk as vennote leierskap laat funksioneer.

- Bepaalde tendense deur kwaliteitopleiding uitgewys

Dr. F.P. Möller het sy teologiese studies by die NG-Kerk se fakulteit in Stellenbosch voltooi, waar hy 'n BD- en 'n DTh-graad verwerf het. In 1975 het hy ook 'n doktorale studie aan die Rijks Universiteit in Nederland voltooi (Erasmus 1996:79,102). Sy bydrae tot teologiese opleiding in die AGS is daarin geleë dat hy die grootste gedeelte van die agtvakkursus self geskryf het. Teen die einde van 1959 was alle voornemende studente wat tot die voltydse bediening toegelaat sou word, verplig om eksamens in al agt vakke af te lê (NBUR 1959:5300). Die belangrikheid van die agtvakkursus is beklemtoon deur die besluit van die Uitvoerende Raad in 1965 dat geen aansoeker toegelaat sou word tot voltydse bediening in die AGS tensy hy gematrikuleer en in die agt vakke geslaag het nie (NBUR 1965:6517). Die agtvakkursus het die norm van voldoende teologiese opleiding in die AGS geword (NBUR 1978:3), en dele van dié werk kom vandag steeds in sertifikaat- of selfs diplomakursusse voor (Erasmus 1996:47-48).

J.S. Cooksey (1909-1991) was 'n toegewyde Bybelstudent, alhoewel hy geen formele opleiding aan die Bybelkollege ontvang het nie (*Die Trooster* 1948:7; *The Comforter* 1953:6;8). Die feit dat hy geen akademiese opleiding ontvang het nie, het sy vaardigheid en vermoëns as 'n opvoeder beïnvloed. Die Swart Bybelkollege het nooit swart akademiese leiers vir die swart kerk ontwikkel nie. Twintig jaar lank was J.S. Cooksey die hoofopvoeder van die toekomstige leiers van die swart kerk. Hoewel daar ook buitemuurse studente aan dié kollege studeer het, is 'n buitemuurse departement nooit ontwikkel nie (Erasmus 1996:49).

- Volgehoue weerstand teen teologiese opleiding

In die tydperk 1951–1960 was daar 'n groot mate van weerstand teen formele opleiding. Enigeen wat daartoe geroepe gevoel het en bereid was tot "die lewe in die geloof" kon tot die bediening in die AGS toetree (Hölscher 1976:117; Burger & Nel 2008:394). Die weerstand onder AGS-lede teen formele opleiding kan toegeskryf word aan 'n reaksie teen die opgeleide predikante van die tradisionele

Afrikaanse Susterskerke. Enersyds was daar die gevoel dat die predikante ten spyte van hul geleerdheid nie daarin slaag om hul mense tot ŉ ontmoeting met God te lei nie. Andersyds het soms krasse en liefdelose veroordeling van die AGS deur die "geleerde" predikante hierdie weerstand laat toeneem (Van der Spuy 1985:106). In teenstelling daarmee was dit dikwels "lekewerkers" sonder formele opleiding binne die AGS wat die Woord eenvoudig maar kragdadig verkondig het, en is die verkondiging van die Woord met wonders en tekens bevestig. Skrifgedeeltes soos 1 Korintiërs 2:1-6 (dat die apostel nie in die wysheid van die mens nie, maar in die krag van God en die eenvoud van Christus opgetree het) en 2 Korintiërs 3:6 (dat die letter doodmaak en die Gees lewend maak) is dikwels gebruik om die weerstand teen kennis te regverdig. (Van der Spuy [1985:106-107] meld dit dat daar dikwels uit die oog verloor is dat die wonders deur God gedoen is "ten spyte van" en nie "vanweë" die ongeleerdheid nie.)

*Teologiese opleiding in die tydperk 1970−1995*

Hierdie era sou ook "die tydperk van die Teologiese Kollege" genoem kon word. Die woord "teologie" het naamlik intussen in die AGS meer aanvaarbaar geword. In dié tyd is die standaard van teologiese opleiding in die AGS aansienlik verhoog, en die AGS was nou gereed om teologie op dieselfde grondslag as ander kerkgenootskappe aan te bied. Hierdie tydperk was ŉ brugtydperk na die teenswoordige era, waarin gegradueerde opleiding deel van die Kerk se leerplan uitmaak. Hier kan onder andere ook ses tendense uitgewys word:

- ŉ Inherente begeerte na aanvaarding

Namate die AGS meer lidmate van ander kerke begin lok het, wou die AGS se leierskap en lede erkenning en aanvaarding hê. Die Kerk wou vele jare lank nie sy houding jeens teologiese opleiding in heroorweging neem nie. Die leiers het egter mettertyd besef dat die AGS nie tot sy volle reg sou kom indien daar nie veranderinge in hierdie verband sou plaasvind nie. Die gevaar het ook bestaan dat ŉ nuwe beweging soos die AGS, wat aanvanklik geen keuring gehad het of akademiese opleiding gebied het nie, persone vir die bediening sou lok wat met groot entoesiasme sou wegval maar spoedig sou sukkel om aan te pas en gesag te aanvaar.

- Die belemmering van teologiese opleiding deur apartheid

Apartheid het alle sfere van die Suid-Afrikaanse samelewing beïnvloed. Vele jare se teologiese opleiding, veral van swart studente, is gekortwiek deur die Staat se groepsgebiedewette, omdat die plek van opleiding gedurig verskuif of kolleges gesluit moes word (NSWR 1964:109; NSK 1964:108). Vereistes vir toelating tot opleidingsprogramme het gewissel na gelang van ras. Die swart afdeling van die AGS het besliste hindernisse ten opsigte van akademiese ontwikkeling beleef (Erasmus 1996:12). Gedurende die tydperk 1948–1994 het die regering tien keer meer geld aan blanke opleiding as aan swart bemagtiging spandeer (Thompson 1990:196-197). Dieselfde verskynsel is ook in die onderwys waargeneem, deurdat die Wet op Swart Onderwys 47 van 1953 swart onderwys onder die beheer van die sentrale owerheid geplaas het (Zwemstra 2007:144). Swart skole in blanke gebiede is gesluit en sendingorganisasies se beheer oor swart skole is opgeskort (Terreblanche 2002:334).

- Volgehoue onsekerheid oor die keuse tussen die voorstanders van geestelike ervaring en dié van akademiese opleiding

Die spanning tussen die onderskeie voorstanders van geestelike ervaring en akademiese opleiding het in hierdie tydperk voortgeduur (Burger & Nel 2008:401). Die prinsipaal van die blanke kollege, past. F.H.J. Cronjé (1979:46), voer aan dat die akademiese standaard van die AGS se Teologiese Kollege gedurende die tyd 1970–1995 goed met dié van BD-studente aan ŉ universiteit vergelyk het. Hy beklemtoon egter die salwing van die Heilige Gees, wat beteken dat geestelikheid vir die kollege bo wetenskaplike kennis verhewe is. Hy meen dat die BD-kursus net by eksegese meer werk vereis, waarin die Pinksterman nie soveel oefening nodig het nie. Hy skryf: "Die Heilige Gees is tog die grootste openbaarder van waarheid, waarvan die toepassing van wetenskaplike kennis in die verband, maar slegs inleidend van aard is" (Cronjé 1979:46). Hierdie ingesteldheid van Cronjé het heel waarskynlik tot gevolg gehad dat Bybeltaalkennis en eksegetiese studie as inleidend en van minder belang beskou is. Erasmus (1996:112) is van mening dat die idee geskep is dat openbaringskennis deur middel van die Heilige Gees en sonder wetenskaplike eksegese kan geskied. Die geloof in die ondervinding van die inwonende Heilige Gees het die persepsie laat onstaan dat oorspronklike verklaring van die

Skrif sonder 'n wetenskaplike studie van die Bybel moontlik is. Gevolglik is die studie van Grieks, Hebreeus, hermeneutiek, inleidende teologie en eksegese van die Ou en Nuwe Testament as minder belangrik beskou. Daarenteen is dogmatiek en praktiese teologie beklemtoon, omdat dit gesien is as die verklaring van die openbaringskennis en die toepassing daarvan (Erasmus 1996:112). Past. C. Bennett, die prinsipaal van die Bybelkollege van 1955 tot 1968, het nie oor ŉ universiteitsgraad beskik nie. Met die aanstelling van past. F.H.J. Cronjé in 1969 is besluit dat ŉ BD-graad die minimumkwalifikasie van ŉ dosent sou wees. Dosente wat aangestel is, moes dus ten minste ŉ BD- of Meestersgraad besit (Erasmus 1996:68).

- Afskeping van afstandsonderrig weens argumente oor binne- en buitemuurse studie

Met die oorname van past. F.H.J. Cronjé as hoof van die Teologiese Kollege in 1969, is daar meer op binnemuurse opleiding gefokus en is afstandsonderrig as opleidingsmetode afgeskeep (Erasmus 1996:112). In 1976 het Cronjé tydens vergaderings van die Blanke Uitvoerende Raad verklaar dat die hooffunksie van die Kollege die aanbieding van binnemuurse studie is, en is afstandsonderrig as alternatiewe opleidingsmetode nie eens deur hom genoem nie (Cronjé 1976:38). Die Kollege se komitee was veral in die 1970's van mening dat binnemuurse studie beter opleiding as korrespondensiestudie bied (NKK 1970:1). Die Blanke Uitvoerende Raad het dan ook reeds in 1969 ŉ ouderdomsbeperking vir die korrespondensiekursus ingestel: slegs studente bo 35 is toegelaat (NBUR 1969:7563). Hierdie besluit het ongelukkig die gevolg gehad dat die groter geleentheid wat korrespondensie-opleiding vir sowel studente as die teologiese instansie ingehou het, nie benut is nie. Korrespondensie-opleiding se grootste voordele is immers eerstens dat dit studie binne die bereik van meer studente plaas, tweedens plaaslike gemeentes as vennote betrek, en derdens die teologiese instansie sigbaarder maak en groter finansiële steun moontlik maak (Putter 2006:44).

- Die negatiewe verhouding tussen die verskillende kolleges

Past. G.S. Erasmus (1996:94) meld dit dat daar geen verhouding tussen die verskillende kolleges van die AGS bestaan het nie. Die enigste faktor wat die kolleges verbind het, was die agtvakkursus wat deur dr. F.P. Möller (snr.) saamgestel is. In 1958 het die komitee van die Apostoliese Bybelkollege probeer om teologiese opleiding onder sy toesig te verenig (NBUR 1958:5100). Die standaard van die opleiding van die studente het ook ŉ rol gespeel, en die toelatingsvereistes vir die onderskeie kultuurgroepe het verskil. In 1970 is swart studente met ŉ standerd 6-sertifikaat as studente aan die Bybelkollege toegelaat (NSSK 1970:2), en kleurlinge met ŉ standerd 8-sertifikaat (NBK 1966:6742). Blanke studente moes ŉ matrieksertifikaat hê (NBK 1973:1). Die verskillende toelatingsvereistes het ŉ probleem geword, aangesien dit moeiliker geword het om die standaard van opleiding te bepaal en te formuleer.

Die Algemene Sendingraad het probeer om die teologiese opleiding in die AGS op internasionale vlak te standaardiseer deur ŉ komitee aan te stel (NASR 1983:4). Die doelwitte van die komitee was onder andere om alle kursusse te verenig; addisionele kursusse en oriënteringsmateriaal vir bestaande en toekomstige sendelinge aan te bied; die opleidingsmateriaal van al die instansies, Bybelkolleges en afdelings van die AGS te evalueer; die standaard en kwalifikasies van dosente vas te stel; en simposiums vir dosente en sendelinge te organiseer (NASR 1983:2). Ondanks hierdie goeie voornemens is die doelwitte nie bereik nie, en het teologiese opleiding in die AGS steeds verdeeld gebly (Putter 2006:183-184).

- Nagraadse kwalifikasies vir pastore 'n aansporing tot groter en beter prestasie

Twee prinsipale van Bybelkolleges – prof. W.J. Hattingh van die Aucklandparkse Teologiese Seminarium en dr. J.L. Lapoorta van die AGS Bybelkollege by Sarepta – wat daarin geslaag het om graadkursusse tot op doktorale vlak met universiteite te beding, kon die groei, ontwikkeling en vooruitgang van hul studente/pastore se bediening duidelik waarneem. Hierdie blootstelling aan teologiese opleiding het mettertyd begin toeneem, en die moontlikheid van voortgesette opleiding vir pastore het ŉ groter werklikheid geword. Vele pastore getuig reeds met groot vrymoedigheid van die persoonlike verryking, positiewe gemeentegroei en die bevrediging van vele opleidingsbehoeftes wat met voortgesette teologiese opleiding gepaardgegaan het.

*Die tydperk van verenigingspogings: 1996 tot die hede*

Alhoewel die behoefte aan eenwording tussen die verskillende kolleges in 1996, 1999, 2002 en 2005 deur die AGS se Algemene Besigheidsvergadering (hierna die ABV genoem) beklemtoonis, het dit nog nie gematerialiseer nie. Die tydperk van 1996 tot vandag word deur die volgende tendens gekenmerk:

- Sloering in die implementering van die besluit om een (nierassige) teologiese instelling te implementeer

Tydens die ABV in 1996 is daar besluit dat daar voortaan net een (nierassige) teologiese instelling met vier satellietkampusse sou wees (Burger & Nel 2008:402-403). Hierdie vier satellietkampusse is die verskillende teologiese kolleges wat die verskillende afdelings binne die AGS bedien het. Hulle het egter bly voortbestaan. Die verskillende tipes opleiding wat pastore vir toelating tot die bediening by die vier verskillende teologiese kolleges ontvang het, het ook van ŉ eenjaar- (niegeordende) sertifikaat tot ŉ honneursgraad in teologie gewissel (Putter 2006:1).

Teen 2005 het die AGS se ABV erken dat die poging om een (nierassige) teologiese instelling te implementeer, nie bereik is nie. Die Nasionale Leierskapsforum (hierna die NLF genoem) moes help toesien dat eenheid tussen die vier verskillende teologiese opleidingsinstellings nie later nie as teen 31 Desember 2007 bereik word (NABV 2008:19). Hierdie eenwording sou onder andere behels dat die verskillende kolleges dieselfde leerplan en graadkursus sou aanbied.

Ten einde die eenwording van die Teologiese Kolleges te fasiliteer, is ŉ komitee van drie verteenwoordigers van elke kollege plus drie NLF-lede op die been gebring (NNLF 2006). Die Werkskomitee het ŉ plan van opleiding in die AGS (wat deur die NLF goedgekeur was) voorgestel, waarvolgens ŉ nuwe teologiese kollege geskep en geregistreer sou kon word. Die NLF het die vergunning gegee dat ŉ nuwe raad van direkteure saamgestel kon word. Die bestaande kolleges is versoek om ŉ memorandum van ooreenkoms met die AGS te teken, waarvolgens hulle samesmelting met die nuwe kollege sou kon bewerkstellig. Die NLF het vroeg in 2007 ŉ voorgestelde kurrikulum vir teologiese opleiding vir die nuwe kollege bespreek, maar die registrasie van die kollege is weens regsvereistes uitgestel (NNLF 2007). Teen die middel van 2007 het die Werkskomitee (die teologiese kolleges se koördineringskomitee) gerapporteer dat dit uiteindelik moontlik was om die skepping van een kollege met een kurrikulum te finaliseer. Die naam van die nuwe instelling sou die Pinkster-Teologiese Seminarium wees – ŉ artikel 21-maatskappy met direkteure (Burger & Nel 2008:402-403).

Tydens die ABV in Mei 2008 is daar uitgewys dat eenheid tussen die verskillende teologiese instellings nog nie bewerkstellig is nie. Die Aucklandparkse Teologiese Seminarium (hierna die ATS genoem) is dikwels daarvoor verkwalik dat hy telkens pogings om die opleiding te verenig, in die wiele gery het. Prof. W.J. Hattingh, prinsipaal van die ATS, het tydens die vergadering daarop gewys dat daar nog geen institusionele bedryfsplan vir die nuwe opleiding opgestel is nie en ook geen begroting bestaan nie, en dat vier mense desondanks reeds aangestel is. Hattingh het gewaarsku dat die AGS homself blootstel; dat dit baie skade sou kon doen as 'n dosent of student sou besluit om hof toe te gaan omdat hulle meen dat hulle te na gekom is omdat daar nie met hulle beraadslaag is nie (Neels Jackson in *Beeld*, 27 Mei 2008, p 13). Te midde van die harde woorde wat tydens hierdie ABV in 2008 geval het, is grondwetlike wysigings goedgekeur wat sou verseker dat daar van 2009 af net een instelling vir teologiese opleiding in die AGS sou wees.

Gedurende die laaste maande van 2008 het die situasie tussen die ATS en die nuwe teologiese instelling van die AGS (die Pinkster- Teologiese Seminarium) versleg. G. Mahlobo (2008:1-2), Algemene Sekretaris van die AGS, het op 16 Oktober 2008 in ŉ brief aan alle AGS-gemeentes die volgende geskryf:

> Na aanleiding van foutiewelike spekulasie, verwarring en misverstande onder sommige van ons pastore en lede aangaande die toekoms van teologiese opleiding in ons kerk, ag ons dit noodsaaklik om ons kerk in te lig oor die huidige ongelukkige stand van sake. Ons moet u inlig aangaande ŉ Hooggeregshofaksie wat teen die AGS aanhanging gemaak is deur die ATS. Die ATS het hofaksie geneem ten einde die AGS te verhoed om die Artikel 21 Maatskappy te gebruik as ŉ werktuig om die nuwe Kollege te registreer. Daar was deeltydse verligting deurdat die Hooggeregshof die gebruik van die Artikel 21 Maatskappy deur die NLF verhoed het totdat die meriete van die saak aangehoor word. Die NLF verdedig tans hierdie aksie. Ons wil dit graag onder die aandag van die AGS pastore en lede bring dat die proses vir die stigting van die nuwe Teologiese Kollege oop en inklusief was. ATS, soos die ander AGS Teologiese Kolleges, het ŉ memorandum van ooreenkoms ten gunste van hierdie proses onderteken. Die oorspronklike oogmerk was om ŉ nuwe Artikel 21 Maatskappy te registreer. Hierdie oogmerk is nie nagevolg nie aangesien een van die NLF lede, wat deel van die ATS was, voorgestel het dat die

> NLF met die Bestuursraad van ATS onderhandel oor die moontlike oordrag van die Artikel 21 Maatskappy na die NLF. ŉ Opsie is aan die NLF gegee om die oorspronklike oogmerk te oorweeg sou die onderhandelings met ATS nie suksesvol wees nie. Die Nasionale Ampsdraers van die AGS het met die ATS Bestuursraad in hierdie verband samesprekings gehou. Die ooreenkoms om die Artikel 21 Maatskappy te gebruik is deur beide die ATS Bestuursraad en Nasionale Ampsdraers van die kerk op 14 Augustus 2007 onderteken. Dit was ŉ aanbod wat in dankbaarheid deur die NLF aanvaar is. Na hierdie ooreenkoms het die ATS se prinsipaal deelgeneem in al die prosesse van die adverteer van poste en aanstelling van die uitvoerende direkteure onder wie se beskerming die nuwe Kollege sou bedryf. Die ATS se prinsipaal het ook as lid van die Direkteursraad gedien tot sy bedanking gedurende Februarie 2008. Op 19 Mei 2008 het die ATS Bestuur kennis gegee dat hulle eenparig die ooreenkoms kanselleer ten opsigte van die gebruik van die Artikel 21 Maatskappy soos op 14 Augustus 2007 ooreengekom en dat hulle met onmiddellike effek van die proses onttrek. Hierdie besluit is deur die Voorsitter van die ATS Bestuursraad oorgedra gedurende die debat van die 2008 ABV. Ongeag sy bydrae het die 2008 ABV die besluite sowel as die proses vir die vorming van die kerk se Departement van Onderwys en Opleiding en die daarstelling van die nuwe Kollege met oorweldigende meerderheid bevestig en aanvaar. Die ATS het toe ŉ Hooggeregshofbevel aanhangig gemaak ten einde die NLF te verhoed om die Artikel 21 Maatskappy te gebruik. Daar was ŉ ooreenkoms op 7 Oktober 2008 tussen die Nasionale Ampsdraers en ATS Bestuursraad om op 24 Oktober 2008 samesprekings te hou met die oog om ŉ onderhandelde en broederlike skikking te bereik. Hierdie proses sou deur ŉ algemeen aanvaarde mediator gefasiliteer word. Op 13 Oktober 2008 het die AGS ŉ bedreiging van ŉ ander Hofaksie ontvang terwyl daar vir die samesprekings op 24 Oktober 2008 voorberei is. Ons het gereageer deur hulle te vra om hierdie aksie van kwade trou terug te trek. Ons versoek is geweier. Nadat alles moontlik gedoen is om hierdie saak deur onderhandeling op te los − sonder enige sukses − het ons geen ander opsie as om die verligting wat in die Hooggeregshofsaak nagestreef word, teen te staan nie. Ten spyte van hierdie moeilike situasie, ondersoek ons alle opsies om te verseker dat die opening van die nuwe Teologiese Kollege in 2009 glad verloop. U gebede word versoek.

Dr. I. S. vd M. Burger (2008:3), President van die AGS, het op sy beurt in sy pastorale skrywe aan AGS-pastore die volgende versoek gerig: "Wat kan ek anders vra as dat ons almal die kwessie van ons toekomstige teologiese opleiding aan die Koning van die Kerk opdra en bid dat Hy op een of ander manier tog sal ingryp."

**Slot**

Die AGS het in 2008 sy honderdjarige bestaan gevier, en sy leierskap sal ernstig en krities moet nadink oor die belangrike rol wat teologiese opleiding in die toekoms gaan speel, sodat die onsekere, pynlike en moeisame roete wat gevolg is, nie verleng en herhaal sal word nie. Die ontwikkelingsproses van teologiese opleiding in die AGS kan in vyf tydperke ingedeel word, elk met sy eie unieke eienskappe. Die tydperk 1909-1924 is gekenmerk deur die beperkte opleiding van persone vir die bediening. Om tot die bediening toegelaat te word, moes kandidate "geroepe" en gesalf wees en aansoek doen om tot die bediening toe te tree. Gedurende die tydperk 1929-1949 is die term "Bybelskool" verkies, ten einde te onderskei tussen die AGS se Bybelskool en die Afrikaanse tradisionele susterskerke se Teologiese Kolleges. In hierdie tydperk het rasse-vooroordeel teologiese opleiding in die AGS gekniehalter, en was daar meningsverskille oor of ŉ Bybelskool regtig nodig was. In die tydperk 1950-1969 is die vereistes vir toelating tot die bediening in die AGS verhoog en die beleid en beheer van ŉ Bybelkollege ontwikkel, maar is die ontwikkeling van ŉ binnemuurse afdeling afgeskeep. In hierdie tydperk was daar ŉ groot mate van weerstand teen formele opleiding. Enigeen wat daartoe geroepe gevoel het en bereid was tot "die lewe in die geloof" kon die bediening in die AGS betree. In die tydperk 1970-1995 is teologiese opleiding gerem deur die groepsgebiedewette, en deur die voortdurende verskuiwing of sluiting van die plekke van opleiding. Spanning tussen die voorstanders van geestelike ervaring en dié van akademiese opleiding het in hierdie tydperk voortgeduur. Na die oorname van past. F.H.J. Cronjé as hoof van die Teologiese Kollege in 1969, is daar meer op binnemuurse opleiding gefokus en is afstandsonderrig as opleidingsmetode afgeskeep. In hierdie tydperk was die enigste faktor wat die verskillende kolleges gebind het, die agtvakkursus wat deur dr. F.P. Möller (snr) saamgestel is. In die tydperk sedert 1996 is verskeie pogings aangewend om net een (nierassige) teologiese instelling

met vier satellietkampusse binne die AGS te implementeer, maar dit is nog nie bewerkstellig nie.

**Bronne geraadpleeg**

*Beeld*. AGS staan sy plek vol in die evangeliese stroom, 27 Mei 2008, 13.

Burger, I S vd M 1987. *Geskiedenis van die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika*. Braamfontein: Evangelie Uitgewers.

Burger, I S vd M 2008. Pastorale Skrywe. Oktober. Centurion.

Burger, I S vd M & Nel, M 2008. *The Fire Falls in Africa*. Vereeniging: Christian Publishing Company (CUM).

Burton, W F P 1934. *When God makes a pastor.* London: Victoria Press.

Cronjé, F H J 1976. *Die ATS Teologiese Kollege*. AGS Werkersraad verslagbundel. Johannesburg.

Cronjé, F H J 1979. *Die ATS Teologiese Kollege*. AGS Werkersraad verslagbundel. Johannesburg.

*Die Trooster,* 1946. April. Amptelike maandblad van die AGS-Kerk. Johannesburg.

*Die Trooster*, 1948. April. Amptelike maandblad van die AGS-Kerk. Johannesburg.

Erasmus, L J 1996. *AFM unity in theological education? A historical perspective*. Midrand: International Theological Institute.

Eybers, I B, König, A & Stoop, J A 1978. *Inleiding in die Teologie.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Hölscher, F 1976. Sosiologiese studie van die glossolalie verskynsel in die Christelike godsdiens. MTh-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Jooste, L J 1991. PL le Roux & FP Möller, presidente van die AGS van SA: 'n Vergelykende studie. MTh-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Mahlobo, M G 2008. *Skrywe aan Nasionale Leierskapsforum, AGS-pastore, lede en gemeentes*. Centurion.

Maré, L P 2005. AGS pastore se belewenis van hulle teologiese opleiding. *Verbum et Ecclesia* 26(2), 432-446.

NABV, 2008. Notules: Algemene Besigheid Vergadering van die AGS. Tshwane.

NASR, 1983. Notules: Algemene Sendingraad in AGS-argief, Johannesburg.

NBK, 1966. Notules: Blanke Kuratorium. In AGS-argief, Johannesburg.

NBK, 1973. Notules: Blanke Kuratorium. In AGS-argief, Johannesburg.

NBUR, 1909. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.

NBUR, 1917. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.

NBUR, 1920. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.

NBUR, 1923. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.

NBUR, 1926. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.

NBUR, 1940. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.

NBUR, 1944. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.

NBUR, 1946. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.

NBUR, 1947. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.

NBUR, 1949. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg

NBUR, 1952. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.

NBUR, 1953. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.

NBUR, 1954. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.

NBUR, 1957. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.

NBUR, 1958. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.

NBUR, 1959. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg

NBUR, 1965. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.

NBUR, 1969. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.

NBUR, 1971. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.

NBUR, 1978. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.

NBWR,1936. Notules: Blanke Werkersraad. In AGS-argief, Johannesburg.

NBWR, 1939. Notules: Blanke Werkersraad. In AGS-argief, Johannesburg.

NKK, 1970. Notules: Kleurling Kuratorium. In AGS-argief, Johannesburg.

NNLF, 2006. Notules: Nasionale Leierskapsforum. Johannesburg.

NNLF, 2007. Notules: Nasionale Leierskapsforum. Johannesburg.

NSK, 1935. Notules: Sendingkomitee. In AGS-argief, Johannesburg.

NSK, 1964. Notules: Sendingkomitee. In AGS-argief, Johannesburg.

NSSK, 1970. Notules: Sentrale Sendingkomitee. In AGS-argief, Johannesburg.

NSWR, 1964. Notules Swart Werkers Raad.

Putter, A P J 2006. Die voortgesette akademiese ontwikkeling van die AGS-pastor. DLitt et Phil-Proefskrif, Universiteit van Johannesburg. Johannesburg.

Terreblance, S 2002. *A history of inequalty in South Africa: 1652-2002*. Pietermaritzburg: University of Natal.

*The Comforter*, 1953. October. Official Magazine of the AFM Church. Johannesburg.

Thompson, L 1990. *A history of South Africa*. London & New Haven: Yale.

Van der Spuy, M A 1985. Die spanning tussen vryheid en formalisering ten opsigte van die liturgiese verskuiwings binne die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika. MTh-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Zwemstra, H M 2007. Die roeping van die kerk ten opsigte van sosio-ekonomiese regte in Suid-Afrika: 'n Teologies-etiese studie. ThD-Proefskrif. Potchefstroom: Noord Wes Universiteit.